| <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van die doel en funksie van rekeningkunde te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem/praktyk soos: dokumentering van transaksies, verskillende boeke (joernale, grootboeke) wisseltransaksies, interne kontrole en rekonsiliasie, loon- en salarisjoernale, hulp-grootboeke en kontrolerekening in beginsel met teoretiese begroning, gebruik van prosedures en prosesse, konvensies en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies te kan analiseer, identifiseer, definieer en die funksies te kan aantoon; • elementêre probleme met navorsings- en inligtingsverwerwings-vaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ACCE121 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENINGKUNDE: FINANSIËLE VERSLAGDOENING: EENMANSAAK | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis van finansiële verslagdoening te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem soos proefbalanse, aansuiwerings, slotrekeninge, tienkolomwerkstate, finansiële state en verhoudings in | | |

| | | |
|--|--|----------|
| <p>beginsel met teoretiese begronding, gebruik van prosedures en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies te kan versamel, analiseer, aanbied, ontleed, verslag doen en vertolk;</p> <ul style="list-style-type: none"> • elementêre probleme met navorsings- en inligtingsverwerwings-vaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ACCE211 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENINGKUNDE: BATEVERKOPE, VENNOOTSKAPPE EN DEPARTEMENT | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van bateverkope, vennootskappe en departemente te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem soos: verkoop van enige eiendom, aanleg en toerusting, daaglikse transaksies van 'n vennootskap by toelating, uitrede van vennote en ontbinding van 'n vennootskap, transaksies volgens departemente en jaarlikse finansiële state in beginsel met teoretiese begronding, gebruik van prosedures en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies krities analiseer, opteken, ontleed en vertolk; • goed geformuleerde maar onbekende probleme met navorsings- en inligtingsverwerwingsvaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ACCE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENINGKUNDE: VERVAARDIGINGS-, NIE-WINSGEWENDE ONDERNEMINGS EN BEGROTINGS | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van vervaardigings-, nie-winsgewende ondernemings en begrotings te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem/praktyk soos: rekeningkundige rekords vir vervaardigings- en nie-handeldrywende ondernemings, finansiële data vir begrotings en opspoor en regstel van foute met teoretiese begronding, gebruik van korrekte prosedures en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies krities te kan analiseer, evalueer kontroleer opteken en ontleed; • goed geformuleerde maar onbekende probleme met navorsings- en inligtingsverwerwingsvaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling; | | |
| Metode van aflewering: | | |

| | | |
|---|--|----------|
| Modulekode: ACCE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENINGKUNDE: BESLOTE KORPORASIE EN MAATSKAPPE | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van beslote korporasie en maatskappye te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem/praktyk soos: rekeningkundige inskrywings in verskillende boeke (joernale, grootboeke) rakende beslote korporasie en maatskappy as ondernemingsvorme, slotrekeninge en finansiële jaarstate in beginsel met teoretiese begroning, gebruik van prosedures en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies te kan analiseer, ontleed en vertolk; • onbekende konkrete en abstrakte probleme met navorsings- en inligtingsverwerwingsvaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling; | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ACCE321 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENINGKUNDE: FINANSIËLE STATE, TAKE EN ONVOLLEDIGE REKORDS | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van finansiële state, takrekeninge en omskakeling van onvolledige rekords te toon deur 'n rekeningkundige sisteem na gelang van behoefte te kan ontwerp vir 'n spesifieke toepassing/benadering tot 'n rekeningkundige praktyk; • die samehang van elemente van 'n rekeningkundige sisteem/praktyk soos: voorbereiding van finansiële boeke en state vanaf onvolledige inligting en onvolledige rekords, kontantvloeistaat en kontantbegroting, rekeningkundige rekords vir hoofkantoor en takke, in beginsel met teoretiese begroning, gebruik van prosedures en prosesse, konvensies en formate in praktyk verwante voorbeelde/situasies te kan analiseer, identifiseer, definieer en die funksies te kan aantoon; interpretasie vanaf die finale state te kan doen; • onbekende konkrete en abstrakte probleme met navorsings- en inligtingsverwerwingsvaardighede aan te pak, inligting te verkry en te integreer tot 'n geheel wat as oplossing vir die probleem kan dien, en om dit aan 'n leke- en professionele gehoor te kan voordra deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie; • eties-korrek en waarde-gedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling; | | |
| Metode van aflewering: | | |

| | | |
|---|--|----------|
| Modulekode: ADSD211 | | NKR-Vlak |
| Titel: AANVULLENDE METODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n grondige kennisbasis te beskik m.b.t. algemene kreatiwiteit, kreatiewe onderwysers, kreatiewe studente, kreatiewe klaskamers en kreatiewe probleemoplossing, met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband; • temas wat relevant is tot kreatiwiteit kan identifiseer en aktiwiteite beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun en onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband kan gebruik deur grafieke en teorie-gedrewe argumente te gebruik en IT vaardighede effektief te kan aanwend om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer; • probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten einde lesse te beplan en aan te bied deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en • kreatiwiteit aan studente in die klaskamer te kommunikeer op 'n etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele - en groepsmetodes. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ADSD421 | | NKR-Vlak |
| Titel: AANVULLENDE METODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n volledige, in-diepte en sistematiese kennisbasis te beskik m.b.t. algemene kreatiwiteit, kreatiewe onderwysers, kreatiewe studente, kreatiewe klaskamers en kreatiewe probleemoplossing, met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband; • temas wat relevant is tot kreatiwiteit kan identifiseer en aktiwiteite beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun en onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband kan gebruik deur grafieke en teorie-gedrewe argumente te gebruik en IT vaardighede effektief te kan aanwend om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer; • probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten einde lesse te beplan en aan te bied deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en • kreatiwiteit aan studente in die klaskamer te kommunikeer op 'n etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele - en groepsmetodes. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: AFRD212 | | NKR-Vlak |
| Titel: AFRIKAANSMETODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • die Nasionale Kurrikulumverklaring in die praktyk van Afrikaans-onderwys te kan toepas; • tipiese eienskappe van suksesvolle Afrikaansonderwysers prakties te kan demonstreer; • werkbare tekste vir toepaslike grade en groepe te kan identifiseer; • 'n sinvolle les te kan beplan en die bepaalde rolle van die onderwyser in die onderrig van Afrikaans kan vervul; • kennis van die leeruitkomst praat, luister, lees en kyk, dink en redeneer van die leerarea Tale: Afrikaans te demonstreer deur die assesseringstandaarde van hierdie uitkomst te | | |

kan interpreteer;

- probleemoplossingsvaardighede te demonstreer in die beplanning en ontwikkeling van toepaslike leeraktiwiteit waaraan gemeet kan word of studente aan die assesseringstandaarde van die leeruitkomste praat, luister, lees en kyk, dink en redeneer voldoen;
- die vermoë om bepaalde rolle van die onderwyser met betrekking tot die onderrig van Afrikaans in 'n multikulturele onderwyskonteks te vertolk, te demonstreer;
- professioneel-etiese waardes te demonstreer in die onderrig van Afrikaans;
- leeraktiwiteite binne gegewe (geïntegreerde) leerervarings aan toepaslike as assesseringstandaarde van bepaalde leeruitkomste (praat, luister, lees, dink en redeneer) te kan koppel en toepaslike leeraktiwiteite te kan ontwikkel waaraan studente se voltoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRD322**

NKR-Vlak

Titel: AFRIKAANSMETODIEK

Module-uitkomste:

Na afhandeling van hierdie module behoort die student:

- 'n afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer ten opsigte van die onderskeid tussen die onderrig van 'n huistaal en 'n addisionele taal
- 'n koherente en kritiese begrip te toon van die beginsels wat ten opsigte van relevante benaderings en metodes by die onderrig van 'n addisionele taal geld;
- effektiewe leermateriaal te kan selekteer en in die beplanning van leerervarings te kan toepas;
- leeraktiwiteite te kan ontwikkel wat aan studente die moontlikheid bied om bepaalde taal- en skryfuitkomste te bereik en waaraan die mate waarin 'n student aan bepaalde taal- en skryfassesseringstandaarde voldoen, gemeet kan word;
- skoolhandboeke vir die onderrig van Afrikaans as huis en as addisionele taal krities te kan evalueer ten opsigte van die voltoening daarvan aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulum, en ten opsigte van die geslaagdeheid van die begeleiding wat hulle vir uitkomsbereiking ooreenkomstig die gestelde assesseringstandaarde aan onderwysers en studente bied.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRD416**

NKR-Vlak

Titel: AFRIKAANSMETODIEK

Module-uitkomste:

Na voltooiing van die module behoort die studente:

- bewys te lewer van geïntegreerde akademiese kennis, maar veral toegepaste kennis, van departementele beleidgewende dokumentasie;
- insig te toon in begrippe, modelle, teorieë en beginsels van Afrikaansvakdidaktiek volgens die NKV en dit sinvol binne die leerarea te gebruik om studente te begelei;
- leer suksesvol binne die leerarea Tale, Afrikaans, te kan fasiliteer deur onder andere aan die sewe rolle van die onderwyser te voldoen;
- bewys te lewer van toepaslike assesseringsvaardighede binne die leerarea;
- suksesvolle tematies georganiseerde kreatiewe leerervarings te kan beplan en te struktureer volgens die vereistes deur die NKV daaraan gestel; en
- bewys te kan lewer van verantwoordelike selfbestuur van leer- en studie-aktiwiteite.

Metode van aflewering:

| | | |
|---|--|----------|
| Modulekode: AFRD417 | | NKR-Vlak |
| Titel: AFRIKAANSMETODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van grondige en sistematiese kennis van die NKV vir gr. 7-12 en van ander departementele en nasionale dokumentasie rakende assesseringsriglyne, leerprogramme en vakraamwerke; • in staat te wees om die bg. dokumente te interpreteer en effektief vir die samestelling van geskikte leermateriaal en studentaktiwiteite vir huistaal- en addisioneletaalstudente van 'n bepaalde graad (gr. 7-12) om hul tot die bereiking van bepaalde leeruitkomste (praat, luister en taal in konteks) te kan begelei; • gepaste assesseringsmetodes te kan implementeer deur middel waarvan studente in graad 7 tot 12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word; • verworwe kennis oor die interpretasie en vereiste implementering van die NKV's en ander departementele dokumentasie te kan gebruik om kreatiewe geïntegreerde lesse waarbinne die klem op bepaalde leeruitkomste (praat, luister, taal in konteks) geplaas word, saam te stel; • in staat te wees om leer op so 'n wyse te fasiliteer dat skoolstudente bemagtig word om as verantwoordelike landsburgers te funksioneer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: AFRD426 | | NKR-Vlak |
| Titel: AFRIKAANSMETODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • bewys te lewer van geïntegreerde akademiese kennis (veral toegepaste kennis) en insig wat in die voorafgaande module verkry is; • te kan demonstree dat hy/sy in staat is om studente te begelei tot die suksesvolle verwerwing van toepaslike taalvaardighede in die Leerarea Tale: Afrikaans; • in ooreenstemming met die holistiese, tematies georganiseerde geïntegreerde benaderingswyse van die NKV, te kan demonstree dat leer aan die hand van leerervarings suksesvol in die intermediêre en senior fase plaasvind; • studente in die skoolsituasie te kan begelei tot die suksesvolle verwerwing van Afrikaanse taalvaardighede binne die leerarea Tale, Afrikaans, in die intermediêre en senior fase; • kreatiewe en suksesvolle leerervarings te kan beplan en te struktureer volgens die vereistes deur die NKV gestel; • bewys te kan lewer van verantwoordelike selfbestuur van leer- en studie-aktiwiteite. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: AFRD427 | | NKR-Vlak |
| Titel: AFRIKAANSMETODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • bewys te kan lewer van grondige en sistematiese kennis van die NKV vir gr. 7-12 en van ander departementele en nasionale dokumentasie rakende assesseringsriglyne, leerprogramme en vakraamwerke; • in staat te wees om die bg. dokumente te interpreteer en effektief vir die samestelling van geskikte leermateriaal en studentaktiwiteite vir huistaal- en addisioneletaalstudente van 'n bepaalde graad (gr. 7-12) om hul tot die bereiking van bepaalde leeruitkomste (lees, skryf, dink en redeneer) te kan begelei; • gepaste assesseringsmetodes te kan implementeer deur middel waarvan studente in graad 7 tot 12 se voldoening aan bepaalde assesseringstandaarde gemeet kan word; | | |

- verworwe kennis oor die interpretasie en vereiste implementering van die NKV's en ander departementele dokumentasie te kan gebruik om kreatiewe geïntegreerde lesse waarbinne die klem op bepaalde leeruitkomste (lees, skryf, dink en redeneer) geplaas word, saam te stel;
- in staat te wees om leer op so 'n wyse te fasiliteer dat skoolstudente bemagtig word om as verantwoordelike landsburgers te funksioneer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE111**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- bewys te kan lewer van die kennis en insig wat hy/sy van die Afrikaanse literêre wêreld asook van vakterme en -begrippe oor die Afrikaanse letterkunde bekom het as onderbou vir die fasilitering van die leerarea Tale: Afrikaans binne konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- bewys van sy/haar literêr-teofetiese kennis te demonstreer deur literêre tekste as produkte van bepaalde strominge of tydvakke te beskou en motiveer;
- etiese en religieuse beginsels by die beoordeling van literêre werke te kan toepas en die studente te kan begelei in die toepassing van hierdie beginsels;
- die oorsigtelike kennis wat hy/sy van die Afrikaanse literatuur bekom het te kan benut in die saamstel van geskikte leer materiaal vir letterkunde-onderdig op skool wat sal lei tot die waardering van die ryke verskeidenheid binne die Afrikaanse literêre wêreld.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE121**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomste:

Na afhandeling van die module behoort die student:

- binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum 'n fundamentele kennis van die Afrikaanse taalkunde, rakende spelling en interpunksie, nofme, semantiek en woordeboekgebruik te kan demonstreer;
- bewys te kan lewer van kennis van en insig toon in die gebruiksfunksies van Standaardafrikaans, veral binne die skoolsituasie, maar ook binne die gemeenskap;
- probleemoplossend verslag te kan doen oor Afrikaans as kommunikasiemedium en hoe dit by studente binne 'n multikulturele en multitalige konteks gestimuleer en bevorder kan word;
- as vakspecialis wetenskaplik te kan redeneer oor die waarde van die kofrekte gebruik van die Afrikaanse taalsisteem.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE211**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomste:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- bewys te kan lewer van grondige kennis van die verskillende periodecodes binne die Afrikaanse poësie (1900-1960) en die eieaard van die poësie van individuele verteenwoordigers van bepaalde periodecodes, sowel as van sleutel terme en -konsepte binne die veld van die poësie;
- bewys te kan lewer van grondige kennis van en toepassingsvaardighede ten opsigte van skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, fonologie, morfologie, semantiek, sintaksis en tekslinguistiek, sowel as van sleutel terme binne elkeen van hierdie subwetenskappe;

- oor die vaardigheid te beskik om 'n vergelykende sintese te maak van die verskillende periodekodes binne die Afrikaanse poësie (1900-1960), en om die kenmerke van bepaalde periodes binne die Afrikaanse poësie in individuele gedigte te identifiseer, te vergelyk en te beskryf;
- op wetenskaplik-verantwoordbare wyse verslag te kan lewer van selfstandige studie oor 'n bepaalde periodekode, oor die oeuwe en die idiosinkrasieë van die poëtiese werkswyse van 'n bepaalde digter;
- in staat te wees om leer in verband met periodekodes binne die Afrikaanse poësie, oor die eieaard van die poësie van individuele digters en oor skoolprogramrelevante aspekte van die Afrikaanse fonetiek, fonologie, moffologie, semantiek, sintaksis en tekslingusistiek in die skoolsituasie te fasiliteer;
- die waarde van kennis van die genoemde subdissiplines van die taalkunde vir taalonderwysers te kan insien en respek te toon vir die ryke verskeidenheid en die gehalte van die Afrikaanse poësie;
- bewys kan lewer van eerlikheid en verantwoordelike bestuur van leeraktiwiteite en studie.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE221**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomst:

Na voltooiing van die module behoort die student:

- bewys te lewer van geïntegreerde akademiese kennis en insig in die verskeidenheid van literêre vergestaltungsvorme van die multikulturele werklikheid in die Afrikaanse letterkunde;
- kennis van en waardering vir Afrikaanse tekste vanuit en oor verskillende subkulture binne die Afrikaanse taalgemeenskap te kan illustreer;
- bewys te lewer van vaardighede om geselekteerde (veral skoolprogram verwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres (insluitend jeugliteratuur) as literêre tekste in die onderrig daarvan te kan ontsluit;
- die teksanalitiese vaardighede wat bekom is, toe te pas deur studente in die skoolsituasie te kan lei tot begrip van en waardering vir literêre tekste; en
- bewys te kan lewer van verantwoordelike selfbestuur van leer- en studie-aktiwiteite.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE311**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomst:

Metode van aflewering:

Modulekode:

NKR-Vlak

Titel:

Module-uitkomst:

Na afhandeling van hierdie module behoort die student:

- bewys te kan lewer van die kennis en insig wat hy/sy van literêr-teofetiese aspekte bekom het vir die fasilitering van letterkunde in die leerarea Tale: Afrikaans binne konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- kennis van en insig in vakterme- en begrippe in die Afrikaanse letterkunde te demonstreer met behulp waarvan skoolstudente tot begrip en genot van 'n poësie- prosa- of dramateks begelei kan word;
- kennis van die Afrikaanse literêre wêreld en literêr-teofetiese aspekte toe te pas om geselekteerde (veral skoolprogramverwante) Afrikaanse tekste van verskillende genres as literêre tekste te kan ontsluit;

- literêre werke vanuit 'n religieuse perspektief te kan beoordeel om studente te kan begelei in die toepassing van religieuse beginsels tydens die ontsluiting van literêre tekste;
- 'n waarde-beoordeling van literêre tekste te kan doen, ook ten opsigte van die teenwoordigheid van bepaalde aktualiteite daarin, ter voorbereiding vir die saamstel van geskikte leermateriaal vir letterkunde-onderrig op skool.

Metode van aflewering:

Modulekode: **AFRE321**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSAFRIKAANS

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- bewys te kan lewer van volronde en sistematiese kennis van sosiaal-geïnspireerde variasie binne Afrikaans en van die eksterne en interne ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, sowel as van relevante vakterme, konsepte en teorieë binne die veld van die sosiolinguistiek en die diachroniese taalkunde;
- in staat te wees om sosiolinguistiese konsepte en vakterme te gebruik om aspekte van sosiale kommunikasiesituasies te analiseer, beskryf en krities te beoordeel;
- navorsingsresultate en teorieë oor skoolverwante aspekte van die sosiolinguistiek te interpreteer en krities te beoordeel;
- verskillende aspekte van en teorieë oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans te analiseer ten einde tot 'n samehangende sintese en eie standpunt daaroor te kom;
- die gepastheid van Standaard- en Niestandaardafrikaanse registerspesifieke taalgebruiksvorme binne multi-kulturele skool-situasies met behulp van konsepte en teorieë uit die veld van die sosiolinguistiek, en op grond van verworwe sistematiese kennis van verskillende opvattinge oor die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, krities te kan beoordeel;
- ten opsigte van die sosiolinguistiek en diachroniese taalkunde oor goedontwikkelde inligtingontsluitingsvaardighede en wetenskaplik verantwoorde aanbiedingsvaardighede te beskik;
- binne verskillende skoolkontekste 'n ingeligte en simpatieke waardebeoordeling van bepaalde sosiaal-geïnspireerde taalgebruiks- en taalgebruikersvorme kan doen, en met inagneming van relevante taalpolitieke kwessies en van sy/haar hoorders, te kan verwoord;
- bewys kan lewer van sy/haar respek vir alle variëteite van Afrikaans as die hartstale van die sprekers daarvan, sowel as van die sy/haar kundigheid oor die sterk verband tussen sosiale en taaloordele.
- bewys te kan lewer van 'n basiese kennis van verantwoordelike ontwerp en ontwerpgeletterdheid, en ontwerp in kulturele, omgewings- en sakekonteks te kan verstaan, en om te kan erken dat verskillende waardestelsels en tradisies die ontwikkeling van Afrika- en Suid-Afrikaanse ontwerp beïnvloed het;
- kunsmateriaal en ontwerpvaardighede te kan verken en met 'n verskeidenheid kunsmateriale, metodes, toerusting en tegnieke — óf individueel óf in samewerking met andere — te kan eksperimenteer om met 'n ontwerpopplossing voor 'n dag te kom;
- bewys te kan lewer van basiese onafhanklike denkvaardighede en van 'n bewustheid van hoe ontwerp die fisiese en sosiale omgewing vorm; die wyses waarop ontwerp benut kan word om die samelewing te bevoordeel, te verstaan en te verduidelik; en bewys te kan lewer van 'n bewustheid van sommige van die wyses waarop ontwerpprodukte en -dienste bemark word;
- bewys te kan lewer van selfdisipline, die vermoë om u eie werk te kan beplan, organiseer en bestuur, tyd te kan bestuur, u aan 'n taak en inisiatief te kan toewy en dat u die gesondheids- en omgewingsimplikasies wat aan die gebruik van kunsmateriale gekoppel is, verstaan.

| | | |
|--|--|----------|
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTD321 | | NKR-Vlak |
| Titel: BESIGHEIDSTUDIEMETODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van Besigheidstudies metodiek te beskik, wat insluit lesbeplanning en leerprogramontwikkeling en 'n ingeligte begrip te toon van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie opsig; • temas te identifiseer relevant tot Besigheidstudies metodiek en aktiwiteite te beplan wat die sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë ondersteun; oor die vermoë beskik om met onbekende en abstrakte inligting in dié verband om te gaan deur gebruik te maak van grafieke en teorie-gedrewe argumente, IT vaardighede effektief te gebruik om inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; en • probleemoplossingstegnieke te gebruik om lesse te beplan en aan te bied en leerprogramme te ontwikkel vir Besigheidstudies en oor die vermoë te beskik om • Besigheidstudies didaktiese aspekte, eties, samehangend en betroubaar aan leerders in 'n klaskamer situasie op individuele vlak of in groepsverband te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTD411 | | NKR-Vlak |
| Titel: BESIGHEIDSTUDIEMETODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n volledige, in-diepte en sistematiese kennisbasis te beskik van die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase, onderwyserportefeuljes, studentprogramme en assessering, met 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband; • temas kan identifiseer wat relevant is tot die Nasionale Kurrikulum verklaring soos van toepassing op Besigheidstudies in die VOO Fase en aktiwiteite kan beplan wat die samehangende begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun en onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband kan aanwend deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede effektief kan aanwend om inligting in te samel, organiseer, krities te analiseer en te interpreteer; • probleemoplossingsvaardighede te demonstreer ten einde lesse te beplan en aan te bied in Besigheidstudies deur gebruik te maak van gepaste tegnologie, onbekende en abstrakte inligting, grafieke, teorie-gedrewe argumente en IT vaardighede om inligting te versamel, organiseer, krities te evalueer en te interpreteer en bewys te lewer van teoretiese ondersteuning; en • didaktiese aspekte van Besigheidstudies effektief aan studente in die klaskamer te kommunikeer op 'n etiese, samehangende en betroubare wyse deur gebruik te maak van individuele - en groepsmetodes. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE111 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: ONTWIKKELING VAN BESIGHEIDSIDEES, BESIGHEIDSPLANNE EN ENTREPRENEURIESE UITDAGINGS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n volledige, fundamentele kennisbasis te beskik van belangrike terme, beginsels en teorieë met betrekking tot die konsep van ondernemerskap, die ontwikkeling van besigheidsidees sowel as 'n besigheidspan; • inligting verwant aan die konsepte bemarking en finansiering te versamel, organiseer, interpreteer en aan te bied; | | |

| | | |
|--|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n ingeligte begrip van die besigheidsomgewing en Besigheidstudies te demonstreer sowel as die werking van 'n besigheidsonderneming in die Suid-Afrikaanse Ekonomie; en • verwante inligting te kan aanbied op 'n samehangende en betroubare wyse, opdragte effektief kan uitvoer in individuele- en groepsverband en probleme in toekomsgeoriënteerde besigheidsvelde kreatief kan oplos. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: | | NKR-Vlak |
| Titel: | | |
| • | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE121 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: INTREESTRATEGIEË EN DIE BESTUUR VAN 'n BESTAANDE BESIGHEID | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n volledige, fundamentele kennisbasis te beskik van belangrike terme, beginsels en teoriee met betrekking tot die toetrede tot die formele besigheidsektor, die konsep van bestuur en die ontwikkeling van bestuurstyl; • inligting verwant aan die internasionale besigheidsplan en die konsep van bestuur te versamel, organiseer, interpreteer en aan te bied; • 'n ingeligte begrip van die e-besigheid en die besigheidsomgewing te demonstreer ten einde teoretiese kwessies rondom Besigheidstudies aan te spreek en praktiese probleme op te los; en • verwante inligting te kan aanbied op 'n samehangende en betroubare wyse, opdragte effektief kan uitvoer in individuele - en groepsverband en probleme in toekomsgeoriënteerde besigheidsvelde kreatief kan oplos in ooreenstemming met besigheidsetiek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE211 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: INLEIDING TOT BESTUUR | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige begrip te hê van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teoriee m.b.t. die besigheidsomgewing en besigheidsbestuur, met 'n soliede kennisbasis t.o.v. toetredingstrategieë van 'n besigheid; • inligting m.b.t. vorme van eienaarskap te versamel, organiseer, krities te analiseer en interpreteer; • inligting samehangend en betroubaar kan kommunikeer in individuele - en groepsverband; en • inligting kan selekteer en die nodige aanbiedingsvaardighede kan ontwikkel deur die gepaste tegnologie aan te wend in ooreenstemming met die sosiale omgewing waarin hy/sy werkend is en ooreenstemmend met besigheidsetiek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: ALGEMENE BESTUURSBEGINSELS | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige begrip te hê van sleutel terme, reëls, konsepte, gevestigde beginsels en teoriee m.b.t. algemene bestuur, met 'n soliede kennisbasis t.o.v. basiese beplanningbeginsels en organisering; • inligting te versamel, organiseer, krities te analiseer en interpreteer, en inligting | | |

| | | |
|--|--|----------|
| <p>samehangend en betroubaar kan kommunikeer in individuele - en groepsverband;</p> <ul style="list-style-type: none"> • inligting kan selekteer en die nodige aanbiedingsvaardighede kan ontwikkel deur die gepaste tegnologie aan te wend; en • Besigheidstudies kan aanbied ooreenstemmend met gevestigde norme en waardes sowel as besigheidsetiek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: INLEIDING TOT FUNKSIONELE BESTUUR | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na die voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van die bemarkingsfunksie, bemarkingsinstrumente, die geïntegreerde bemarkingsstrategie, eksterne betrekkinge, die finansiële funksie en bestuur en batebestuur te beskik; 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë met betrekking tot funksionele bestuur toon; • temas relevant tot Bedryfstudies te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; • bekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; rekenaarvaardighede te gebruik om in te samel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreter; probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in Bedryfstudies; Bedryfstudies eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: BSTE 321 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSBESIGHEIDSTUDIES: FUNKSIONELE BESTUUR (VERVOLG) EN EIETDSE VRAAGSTUKKE | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na die voltooiing van hierdie module moet die student in staat wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor 'n afgeronde en sistematiese kennisbasis van finansiële besluite, die operasionele funksie en bestuur, aankope bestuur en aktiwiteite en die uitdagings in besigheidbestuur te beskik; • 'n ingeligte begrip van sleutel terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in hierdie verband toon; temas relevant tot Bedryfstudies te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die samehorige verstaan van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun; • onbekende en abstrakte inligting in hierdie verband te gebruik deur die gebruik van grafieke en teorie-gedrewe argumente; • rekenaarvaardighede te gebruik om in te samel, te organiseer, kritiese te analiseer en te interpreter; • probleemoplossingsvermoëns te demonstreer tydens die beplanning en aanbieding van lesse in Bedryfstudies; • Bedryfstudies eties, samehorig en betroubaar aan die studente in die klaskamer op 'n effektiewe wyse te kommunikeer, deur die gebruik van individuele en groep metodes. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CATD321 | | NKR-Vlak |
| Titel: REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIEMETODIEK: VOO FASE | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n afgeronde en sistematiese kennis van Rekenaar-toepassingstegnologie beleidsdokumente in die FET Fase te demonstreer; | | |

| | | |
|---|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • praktiese vaardighede te demonstreer in die beplanning, aanbieding en assessering van beide teoretiese en praktiese Rekenaar-toepassingstechnologie lesse; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer in RTT te fasiliteer in die VOO Fase; en • die basiese beginsels van RTT onderrig te kan demonstreer en evalueer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CATD411 | | NKR-Vlak |
| Titel: REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIEMETODIEK: VOO FASE | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n volledige en sistematiese kennis van gepaste beleidsdokumente vir Rekenaar-toepassingstechnologie in die FET Fase te demonstreer; • deeglike praktiese vaardighede te demonstreer in die beplanning, aanbieding en assessering van teoretiese en praktiese RTT lesse; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer van OBE Rekenaar-toepassingstechnologie in die VOO Fase te fasiliteer; en • die etiese gebruik van verskillende leermateriale vir RTT kan demonstreer en evalueer. CAT. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CATE111 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: BASIESE REKENAARKONSEPTE | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor fundamentele kennis en begrip te beskik van die algemene konsepte van inligtingstechnologie, verskillende rekenaarstelsels en die komponente, eienskappe en basiese werking van 'n rekenaar; • oor vaardighede te beskik om probleme op te spoor in eenvoudige eindverbruiker, rekenaar-verwante hardeware en sagteware; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe wat aangespreek word in hierdie module in die toepaslike graad; en • die kwessies wat verband hou met die impak van inligting en kommunikasietegnologie op die omgewing en die samelewing in 'n globale konteks te kan verstaan. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CATE121 | | NKR-Vlak |
| Titel: : ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: ELEMENTÊRE WORD PROEASSERING | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreer rondom die gebruik van invoer-toestelle en 'n woordverwerkingsprogram; • tikvaardighede en praktiese vaardighede te demonstreer in elementêre woordverwerkingsfunksies deur gebruik te maak van relevante gevallestudies; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer van relevante onderwerpe wat in die module aangespreek word te fasiliteer in die toepaslike graad; en • kwessies wat verband hou met die etiese gebruik van e-dokumente te verstaan. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CATE 211 | | NKR-Vlak |
| TITEL: REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE ONDERWYS REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |

- oor soliede kennis te beskik van invoer-toestelle, 'n woordverwerkings-program en die didaktiese aspekte van die unieke onderrigmetodes vir RTT, met spesiale verwysing na inklusiewe onderrig;
- gevorderde woordverwerkingsfunksies te demonstreeur deur gebruik te maak van relevante gevallestudies;
- oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe wat aangespreek word in hierdie module in die toepaslike graad; en
- die etiese gebruik van 'n woordverwerkingsprogram in die onderrig-leer omgewing te verstaan

Metode van aflewering:

Modulekode: CATE 221

NKR-Vlak

TITEL: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: SIGBLADVERWERKINGSVAARDIGHEDE

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor soliede kennis en begrip te beskik van die algemene konsepte van 'n sigbladprogram in onderrig-verwante voorbeelde;
- oor deeglike vaardighede te beskik in die ontwerp, redigering, formattering en bestuur van sigblaai en kaart sowel as die toepaslike probleem-oplossingsvaardighede met behulp van 'n sigblad pakket;
- oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe wat aangespreek word in hierdie module in die toepaslike graad; en
- begrip van die etiese gebruik van 'n sigbladprogram te demonstreeur in die onderrig-leer omgewing.

Metode van aflewering:

Modulekode: CATE 311

NKR-Vlak

TITEL: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VORLEGGINGS, DESKTOP PUBLISHING EN WEB ONTWERP

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik van die gebruik van toepaslike sagteware in aanbiedings, Desktop Uitgewery en Web ontwerp;
- deeglike praktiese vaardighede en ontwerpbeginsels te demonstreeur by die gebruik van aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp en die vermoë om hierdie toepassings te integreer met ander toepassing-sagteware;
- oor die vermoë te beskik om onderrig en leer te fasiliteer in relevante onderwerpe met betrekking tot aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp in die toepaslike graad; en
- oor die vermoë te beskik om verskeie bronne te evalueer ten einde inligting te bekom en aan te wend in aanbiedings, desktop uitgewery en Web ontwerp.

Metode van aflewering:

Modulekode: CATE 321

NKR-Vlak

TITEL: ONDERWYSREKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: DATABISISSE EN DATA KOMMUNIKASIE

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- oor afgeronde en sistematiese kennis te beskik van die ontwerp en bestuur van 'n databasis, verkillende tipes netwerke,

| | | |
|--|--|----------|
| <p>kommunikasiemedia en protokol, sowel as die hantering van data in 'n netwerk;</p> <ul style="list-style-type: none"> • deeglike praktiese vaardighede te demonstreer in die ontwerp en bestuur van 'n databasis sowel as die vermoë om die verskillende netwerk topologieë en netwerk media te vergelyk en evalueer; • oor die vermoë te beskik om onderrig en leer van relevante kennis en vaardighede aangaande rekenaarnetwerke en databasisse te fasiliteer in die toepaslike graad; en • datakommunikasie en oordragtegnologieë wat huidige gebruik word krities te evalueer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CMPF111 | | NKR-Vlak |
| Titel: REKENAARGELETTERDHEID | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreer van persoonlike rekenaarstelsels, toepassingsprogrammatuur en inligtings- en kommunikasievaardighede; • praktiese vaardighede te demonstreer in verband met die gebruik van 'n woordverwerkingsprogram, sigbladprogram en aanbiedingsprogram soos van toepassing op opvoedkunde en onderrig; • probleem-oplossingsvaardighede te demonstreer in die beplanning en praktiese toepassing van toepassingsprogrammatuur in die onderrig-leer omgewing; en • etiese aspekte te demonstreer en evalueer met betrekking tot die gebruik van rekenaars in die onderrig-leer omgewing. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CTED211 | | NKR-Vlak |
| Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE METODIEK | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • oor fundamentele kennis te beskik van die Nasionale Kurrikulum Verklaringsbeleid vir Siviele Tegnologie in die VOO-fase; • oor kennis en vaardighede te beskik in probleem-gebaseerde onderrigbenaderings; en oor die vermoë te beskik om gepaste Tegnologie lesse te beplan in ooreenstemming met die unieke tegnologiese proses wat gebruik word as die organiserende konsep. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CTED321 | | NKR-Vlak |
| Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE METODIEK | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kurrikulumontwikkeling binne die Siviele Tegnologie studieveld; • toepassing en bepreking van 'n verskeidenheid gepaste assesseringstrategieë in verskeie taaktipes wat van toepassing is binne die Siviele studieveld; en implimentasie van ontwerp en saamstel van portefeuljes wat van toepassing is op beide opvoeders en leerders. | | |
| Metode van aflewering: | | |

| | | |
|--|--|-----------------|
| Modulekode: CTED421 | | NKR-Vlak |
| Titel: Siviele Tegnologie metodiek | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n verbale bewustheid en begrip te demonstreer rondom die veiligheidsaspekte van toepassing op die klaskamer, werkwinkel en terreinbesoeke gedurende praktiese sessies; • Siviele Tegnologie portefeuljes vir beide leerders en onderwysers kan ontwerp en saamstel; en • oor die vermoë te beskik om kennis en vaardighede te integreer wat bekom is in die voorafgaande modules in die saamstel en aanbied van 'n Siviele Tegnologieopvoedingsprojek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CTEE211 | | NKR-Vlak |
| Titel: Siviele Tegnologie vir Onderwys | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis te beskik ten einde die regte gereedskap te identifiseer vir spesifieke werk; • oor die vermoë te beskik om elektriese handgereedskap en masjinerie te gebruik in houtwerk en die korrekte veiligheidsmaatreëls toe te pas; • die terminologie van messelwerk te kan verduidelik; • probleme te verduidelik en identifiseer wat gewoonlik geassosieer word met die mislukking van fondasies in sekere grondformasies; en • oor die vermoë te beskik om sy/haar standpunt te kommunikeer in geskrewe formaat. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CTEE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor basiese kennis te beskik rondom die keuse, ontwerp en maak van korrekte houtwerkvoeë tydens praktiese werksessies; • alle relevante terme te kan verduidelik wat voorkom in die studieveld; en • sy/haar basiese kennis te kan weergee aangaande beton, betonmengsels en die bewerking van verskeie aggremaatmengsels. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: CTEE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • oor die kennis te beskik om huisplanne te ontwerp, beplan en teken; • oor deeglike kennis te beskik en gepaste dakke en dakstutte te kan beskryf, selekteer en ontwerp vir verskillende strukture; • sy/haar kennis te kan analiseer en verduidelik aangaande die gedrag van verskillende grondsoorte; • grondige kennis te kan verduidelik en kan uitdruk aangaande strukture wat pas by die tekortkominge van die grond; en • sy/haar standpunt te kan kommunikeer en demonstreer deur middel van sketse en in geskrewe formaat. | | |
| Metode van aflewering: | | |

| | |
|--|----------|
| Modulekode: CTEE321 | NKR-Vlak |
| Titel: SIVIELE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | |
- demonstrate solid knowledge of stylistic aspects of literary texts in order to use literature via the teaching of language and grammar skills;
- demonstrate fundamental knowledge and understanding of didactic skills and approaches and apply this to the teaching of language and literature;
- demonstrate fundamental knowledge, skills and values regarding literature, language and didactics of English as a first and second language throughout the different educational phases.

| | | |
|--|--|----------|
| Metode van aflevering: | | |
| Modulekode: ENGE212 | | NKR-Vlak |
| Titel: ENGLISH: LINGUISTICS FOR THE TEACHER OF ENGLISH | | |
| Module-uitkomst: Upon completion of this module the student should be able to: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • demonstrate a solid knowledge and understanding of the field of linguistics and its application in the language classroom; • critically analyse the knowledge-base of the four language skills as they pertain to the English classroom; • demonstrate substantial competence in the four language skills and their application in the language classroom; • successfully access, evaluate and apply technological invirmation in the classroom; • successfully create and maintain a learning environment that is conducive to effective learning; • successfully select, create and evaluate suitable learning resources; • demonstrate a firm respect vir and commitment to the language teaching profession; and • monitor and evaluate his/her own and his/her learners' progress. | | |
| Metode van aflevering: | | |
| Modulekode: ENGE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ENGLISH FOR EDUCATION: RESPECT AS EDUCATIONAL PRINCIPLE IN LITERARY TEXT | | |
| Module-uitkomst: Upon completion of this module the student should be able to: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • Students are expected to demonstrate academic knowledge regarding the genres of film, drama, novel and poetry. • They should be able to analyse and critically evaluate literature from various genres and contexts. • They should be able to synthesise didactic and academic knowledge inorder to formulate an individual approach to the teaching of English as a first and second language throughout the different educational phases. • Students should demonstrate the ability to integrate literary and other texts for the teaching of language and grammar skills and applydidactic skills and approaches to the teaching of language and literature. • They should be able to communicate effectively in English in general and specifically regarding all aspects of the teaching-learning situation. | | |
| Metode van aflevering: | | |
| Modulekode: ENGE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ENGLISH: ADVANCED THEMATIC STUDIES FOR ENGLISH IN EDUCATION | | |
| Module-uitkomst: Upon completion of this module the learner should be able to: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • demonstrate profound knowledge and insight regarding the literary genres of drama novel and poetry in a variety of texts; • identify, trace interpret and critically comment on themes in a literary genre; • demonstrate the skills and knowledge required to analyse and critically evaluate literary texts; • demonstrate fundamental knowledge of stylistic aspects of literary texts in order to use literature vir the teaching of language and grammar skills; • demonstrate the profound knowledge and skills needed to identify and evaluate the values exploded in literary texts and films; • demonstrate the fundamental knowledge required to access and apply technological | | |

information in the language classroom;

- demonstrate substantial knowledge to select and/of create suitable learning resources;
- demonstrate a fundamental understanding of didactic skills and approaches and apply this to the teaching of language and literature;
- demonstrate a profound knowledge of the cognitive academic language skills required vir teaching English; and
- demonstrate an ample ability to identify themes and situations which learners can identify and learn from, thus aiding them in dealing with similar situations in their personal lives.

Metode van aflerwing:

Modulekode: ENGE321

NKR-Vlak

Titel: ENGLISH: CONSTRUCTION AND DECONSTRUCTION AS EDUCATIONAL TOOL

Module-uitkomst:

Upon completion of this module the learner should be able to:

- demonstrate profound knowledge and insight of the deconstructive view of literature;
- demonstrate judicious ability vir deconstructive reading pertaining to the multiple meanings of words, exclusions, substitutions, intertextuality, filiations among meanings and signs, the play of meaning, and repetition;
- identify, trace interpret and critically comment on writing as a complex histofical, cultural process;
- demonstrate the skills and knowledge required to **analyse** and critically evaluate relations of texts to each other;
- demonstrate fundamental knowledge of the construction, communication, and reception of texts within a cultural and educational context;
- demonstrate judicious knowledge of stylistic aspects of literary texts in ofder to use literature vir the teaching of language and grammar skills;
- demonstrate the basic knowledge and skills required vir the construction of meaning in cinema and the development of film language and the understanding of the majof structural components of the narrative film text, such as narrative structure, *mise-en-scene*, the camera eye, editing and sound;
- demonstrate the profound knowledge and skills needed to identify and evaluate the values exploded in literary texts and films
- demonstrate the fundamental knowledge required to access and apply technological invirmation in the language classroom;
- demonstrate substantial knowledge to select and/of Create suitable learning resources;
- demonstrate a fundamental understanding of didactic skills and approaches and apply this to the teaching of language and literature;
- demonstrate a profound knowledge of the cognitive academic language skills required vir teaching English;
- demonstrate an ample ability to identify themes and situations to which learners can identify and learn from, thus aiding them in dealing with similar situations ain their personal lives.

Metode van aflerwing:

Modulekode: ENGF121

NKR-Vlak

Titel: ENGLISH MEDIUM OF INSTRUCTION

Module-uitkomst:

Upon completion of this module, the student should be able to:

- demonstrate a solid knowledge of the methodology of effective second language medium of instruction, e.g. to employ communication technology to enhance his/her own learning and the learning of others;
- demonstrate a fundamental knowledge of the principles of second language acquisition;

- demonstrate basic competence in the four language skills and their application in the content classroom;
- use medium of instruction to convey content of area of specialisation by employing holistic language skills and successfully apply principles of language across the curriculum;
- demonstrate ability to monitor and evaluate own and learners' progress;
- match the profile of an ideal, second language medium of instruction, content teacher to successfully create and maintain a learning environment that is conducive to effective learning;
- demonstrate firm respect for and commitment to the language teaching profession.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ENGF211**

NKR-Vlak

Titel: ENGLISH MEDIUM OF INSTRUCTION

Module-uitkomst:

Upon completion of this module, the student should be able to:

- demonstrate advanced competence in the four makro language skills (listening, speaking, reading and writing) of Classroom English (this is underpinned by profound knowledge of and skills in the Interpersonal, Pedagogical and General aspects of the medium of instruction);
- demonstrate fundamental knowledge of and competence in presentational skills such as loudness of voice, rate of delivery, variation in tone and pitch, articulation and fluency, as well as appropriate gestures and body language (presentational skills also entail the use of contextual cues that will help learners to link background content, language, and cultural knowledge to new knowledge); and
- demonstrate profound knowledge of the principles underpinning competence in the methodological skills that teacher-trainees require for effective L2MI. These include the ability to plan both content and language objectives for each learning task, design suitable and appropriate materials, design and introduce contextual clues, encourage purposeful interaction, create a classroom atmosphere and attitudes that promote language acquisition and conceptual development, and employ fair and appropriate assessment strategies.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ETED211**

NKR-Vlak

Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- fundamentele kennis van die NKV beleid oor Elektriese Tegnologie in die VOO-fase te demonstree;
- kennis en vaardighede in probleem gebaseerde onderrig benaderings te demonstree; en die vermoë om geskikte Tegnologie lesse te beplan volgens die unieke metodologie van Tegnologie, met en sonder hulpbronne te demonstree.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ETED321**

NKR-Vlak

Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- 'n goed afgeronde en sistematiese kennis te demonstree ten opsigte van kurrikulum ontwikkeling van Elektriese Tegnologie;
- geskikte tipes assesseringstrategieë toe te pas en te bespreek in die verskillende taaktipes van 'n Tegnologie les en begrip te demonstree van die aard en praktyk van organisering en bestuursvaardighede in Tegnologie klaskamerbestuur;

| | | |
|---|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • die proses van die ontwerp en samestelling van portefeuljes vir beide leerders en onderwysers in Tegnologie voor te stel en te kommunikeer; en • 'n bewustheid en begrip te toon vir die veiligheidsaspekte toepaslik in werksinkels, praktiese sentrum en Tegnologie klaskamers soos toegepas tydens tegnologie onderrig en leer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETED421 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE METODIEK | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n bewustheid en begrip van die veiligheidsaspekte toepaslik in die werksinkels, praktiese sentrums en Elektriese Tegnologie klaskamers; • ontwerp en samestelling van voldoende portefeuljes vir beide leerders en onderwysers in Elektriese tegnologie; • 'n omvattende en kritiese begrip van die aard en praktyk van organisering en bestuursvaardighede in Elektriese Tegnologie sentrum bestuur te demonstreer, met spesifieke verwysing na werksinkels, vir die beplanning en uitvoering van praktiese lesse in die Senior Fase; en • die vermoë te demonstreer om kennis en vaardighede te integreer soos vereis word in die voorafgaande modules in die samestelling en voorstelling van 'n Elektriese Tegnologie opvoedingsprojek. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETEE212 | | NKR-Vlak |
| Titel: Elektriese Tegnologie vir Onderwys | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • basiese kennis van elektriese beginsels met spesifieke verwysing na Ohm en Kirchhoff se wette te kan demonstreer; • basiese kennis van elektriese / elektroniese komponente te demonstreer en vaardighede in die gebruik van, maak van en toepassing van werksbeginsels van hierdie tipe komponente in die onderrigleer ervaring te toon, met spesifieke verwysing na die toepassing daarvan in die relevante skoolkurrikulum; • skriftelik en praktiese fundamentele kennis van halfgeleier materiale wat in elektronika gebruik word te demonstreer; • meetinstrumente en die ossilloskoop te kan gebruik in die uitvoering van praktiese werksessies; | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETEE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • skriftelik en in praktyk te demonstreer dat hy/sy oor die basiese kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse beskik: opwekking van wisselende emk, maksimum-effektiewe- en gemiddelde waarde, middel ordinaat reël en fasors (grafies en analities). Basiese beginsel van elektromagnetiese, dinamiese- en statiese emk, histerese, gelykstrom masjiene, gelykstrom aansitters en analoge meters; en • bemeestering van die vaardighede en kennis om praktiese probleme op te los en demonstrasie van bevoegde vaardighede in die hantering van instrumente en masjinerie met inagneming van veiligheidsaspekte soos in die vak voorgeskryf. | | |
| Metode van aflewering: | | |

| | | |
|--|--|----------|
| Modulekode: ETEE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • skriftelik en in praktyk te demonstreeer dat hy/sy oor die basiese kennis van elektriese teorieë, toetse en prosesse te beskik; • RLC serie- en parallel kringe, Q-faktor, resonante kringe, aktiewe- en reaktiewekomponente van stroom, metodes om drywingsfaktor te verbeter sowel as die fasordiagramme; • drie-fase wisselstroomstelsels, wisselstroom meetinstrumente (analoog), enkelfasetransformators, outotransformators en instrumenttransformators te verstaan; en • vaardighede en kennis om praktiese probleme op te los en demonstrasie van bevoegde vaardighede in die hantering van instrumente en masjinerie met inagneming van veiligheidsaspekte soos in die vak voorgeskryf te bemeester. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETEE321 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • volledige en sistematiese kennis, insig en begrip van die funksionering en toepassing van Versterkers en halfgeleiers as studieveld van elektronika te kan demonstreeer; • vaardighede te toon om in groepe sowel as individu te kan werk in die ontwerp van voorspanningskringe en versterkers met behulp van halfgeleiers volgens spesifikasies; • kritiese analise, evaluering, en verbetering van sy/haar ontwerpe prakties te kan demonstreeer en om hierdie vaardighede te kan toepas in opvoedkundige praktyk, met inagneming van reëls en regulasies; en • fundamentele kennis, insig en begrip oor funksionering en toepassing van skakel en beheerkringe en ossillators in elektroniese stelsels te kan demonstreeer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETEE411 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en insig met betrekking tot Rekenaarbeginsels as elektroniese komponente te kan demonstreeer; • met behulp van alle relevante elektroniese beginsels en prosesse te kan demonstreeer hoe om Boolese Algebra in logiese stroombane om te skakel, om Logika kombinasie stelsels te ontwerp en toepaslike praktiese vaardighede in die module te toon; en • te demonstreeer dat hy/sy die spesifieke uitkomst van hierdie module kan fasiliteer soos van toepassing in die NKV vir elektriese tegnologie. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: ETEE422 | | NKR-Vlak |
| Titel: ELEKTRIESE TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • skriftelik sowel as prakties bewys te kan lewer van afgeronde en sistematiese kennis van die volgende teorieë, toetse en prosesse: komplekse RLC-kring, grafiese en wiskundige probleemoplossings, alle aspekte van drywing insluitend totale drywing, drywingsfaktor verbetering van motors en installasies; | | |

| | | |
|--|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • die waardes van kapasitansie van motors en elektriese kringe te bepaal, driefase-transformators, instrumenttransformators, beligting, wisselstroommotors, en motoraansitters; en • praktykgerigte probleme op te los en om bedrewe handvaardighede te demonstreer in die hantering van instrumente en masjiene met nakoming van alles veiligheidsaspekte en voorskrifte wat eie is aan hierdie vak. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: GEOD321 | | NKR-Vlak |
| Titel: GEOGRAFIESE METODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: In die voltooiing van die module moet studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis van Geografie-onderwys kan demonstreer met spesifieke verwysing na die ontwerp en implementering van 'n Geografie-les, assesseringsmetodes, onderrigleerstyle, -metodes en -tegnieke asook relevante hulpbronne; • 'n koherente en kritiese begrip van terme, reëls, konsepte, beginsels en teorie van Geografie-onderwys te toon en oor die vermoë beskik om nuwe kennis 'n gegewe teorie te plaas; • die vermoë om met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Geografie-onderwys te handel deur van bewysgedrewe oplossings en teorie-gedrewe argumente in die beplanning van Geografie-lesse te gebruik asook om inligting voor te hou en te kommunikeer en eie idees en opinies oor temas verwant aan Geografie-onderwys in die VOO-fase te maak; • eties-korrek en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: GEOD411 | | NKR-Vlak |
| Titel: GEOGRAFIESE METODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: In die voltooiing van die module moet studente; | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennis van Geografie-onderwys met spesiale verwysing na die onderrigleerstyle, -strategieë, -metodes, -tegnieke asook kurrikulumontwikkeling, -ontwerp en effektiewe implementering van leerervarings demonstreer; • die vaardighede demonstreer om te evalueer watter van die elemente die mees effektiefste is vir spesifieke leerinhoude in Geografie en dit uiteindelik in 'n kreatiewe, logiese en sistematiese manier te implementeer; • die vermoë te demonstreer om met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Geografie-onderwys te handel deur bewysgebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik asook die vermoë te demonstreer om joernaalartikels, "scholar reviews" en primêre bronne te gebruik, die inligting aan te bied en te kommunikeer asook hul eie idees en opinies oor verwante temas in Geografie-onderwys in 'n goed gestruktureerde argument weer te gee; • Eties-korrek en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: GEOE111 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: FISIESE-, EKONOMIESE- EN BEVOLKINGSAGTERGROND VAN AFRIKA EN DIE RSA | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van die module moet die studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n fundamentele kennis demonstreer aangaande die ligging, politiese verspreiding, fisiese | | |

kenmerke en ekonomiese neigings van Afrika en die RSA teen die agtergrond van die globale konteks;

- korrekte geografiese interpretasies, analyses, evaluerings en afleidings maak aangaande die fisiese, ekonomiese en politiese aspekte van die RSA en Afrika;
- 'n sterk en uitgebreide kennis en begrip demonstreer rakende die algemene konsepte in bevolkingsgeografie, korrekte analyses en betekenisvolle interpretasies maak in die verband asook die herkenning, verduideliking en evaluering van interverwantskappe tussen topografiese, klimatologiese en mensgemaakte verskynsels in die RSA; en
- ontwikkelde ekonomieë in Afrika te evalueer, insig en begrip toon aangaande die probleme in Afrika-lande en dit ook te evalueer binne die raamwerk van sy/haar eie lewens-en wêreldbeskouing asook die vermoë demonstreer om die verwerfde kennis sodanig toe te pas dat 'n eties-verantwoordelike houding teenoor Afrika/Suid-Afrika en sy mense vertoon word.

Metode van aflewering:

| | |
|----------------------------|----------|
| Modulekode: GEOE121 | NKR-Vlak |
|----------------------------|----------|

Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: PLANETÊRE GEOGRAFIE, KLIMATOLOGIE EN OSEANOGRAFIE

Module-uitkomst:

In die voltooiing van die module moet studente:

- 'n fundamentele kennis rakende Planetêre Geografie, Klimatologie en Oseanografie binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum te demonstreer;
- relevante temas van Planetêre Geografie, Klimatologie en Oseanografie te identifiseer en wat die koherente begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun;
- oor die vermoë te beskik om hul kennis te gebruik om algemene probleme binne 'n bekende konteks op te los en ook aan studente op skool aan te bied deur toepaslike tegnologie te gebruik;
- in 'n eties-verantwoordbare wyse en waarde-gedrewe manier in alle operasionele omstandighede en vorme van kommunikasie, geskrewe of verbaal op te tree.

Metode van aflewering:

| | |
|----------------------------|----------|
| Modulekode: GEOE211 | NKR-Vlak |
|----------------------------|----------|

Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: STEDELIKE EN EKONOMIESE GEOGRAFIE

Module-uitkomst:

In die voltooiing van die module moet studente:

- 'n grondige kennisbasis van Stedelike en Ekonomiese Geografie in konteks met die Nasionale Kurrikulum te demonstreer;
- relevante temas vir 'n diverse gemeenskap verwysend na persoonlike, gemeenskaplike en ekonomiese gebiede te identifiseer en aktiwiteite te beplan wat die koherente begrip van konsepte, idees, teorieë, beginsels en reëls ondersteun;
- oor die vermoë te beskik om goed gedefinieëde maar onbekende probleme binne Stedelike en Ekonomiese Geografie op te los deur korrekte prosedures en toepaslike bewyse te lewer asook inligting aan te bied deur van basiese inligtingstegnologie gebruik te maak;
- eties-korrekt en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling.

Praktiese afdeling:

- demonstreer a grondige kennis, vaardighede, begrip en insig in die grondgebruik van stede en kwantitatiewe berekeninge en in staat wees om dit in die praktyk toe te pas

Metode van aflewering:

| | | |
|--|--|----------|
| Modulekode: GEOE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEOMORFOLOGIE EN OMGEWINGSGEOGRAFIE | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>In die voltooiing van die module moet studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n sterk en uitgebreide kennis en begrip openbaar aangaande die interne- en eksterne kragte wat die veranderinge op aarde teweeg bring en dit ook in praktyk kan evalueer, instaat wees om konsepte aangaande omgewingsgeografie te identifiseer en te definieer asook 'n grondige kennis met voorbeelde te demonstreeer en illustreer rakende die funksionering van ekosisteme; • die interverwantskappe van die basiese beginsels in verband met geomorfologie en die omgewing te analiseer, te assesseer en te identifiseer; • 'n koherente en kritiese begrip van die invloed van menslike aktiwiteite op die geologie, atmosfeer, klimaat en hulpbronne met behulp van praktiese voorbeelde te illustreer en te vertoon, omgewingsprobleme krities te bespreek en moontlike oplossings te identifiseer; • die doel van die beginsels van volhoubare ontwikkeling te debatteer asook 'n positiewe en etiese verantwoordelike houding te openbaar teenoor die fisiese omgewing. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: GEOE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEVORDERDE BEVOLKINGS – EN STEDELIKE GEOGRAFIE | | |
| <p>In die voltooiing van die module moet studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n goed-afgeronde en sistematiese kennis van Bevolkings- en Stedelike Geografie binne die konteks van die Nasionale Kurrikulum te demonstreeer; • 'n koherente en kritiese begrip van die terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë in Bevolkings- en Stedelike Geografie te toon en die vermoë te hê om nuwe kennis in 'n gegewe teorie te plaas; • met onbekende konkrete en abstrakte probleme en sake in Bevolkings- en Stedelike Geografie te handel deur bewysgebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te gebruik en inligting en hul eie idees en menings van temas in Bevolkings- en Stedelike Geografie in 'n goedgestruktureerde argument te kan weergee; • Eties-korrek en waardegedrewe op te tree in alle operasionele omstandighede en vorms van kommunikasie, skriftelik en mondeling. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: GEOE321 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSGEOGRAFIE: GEVORDERDE GEOMORFOLOGIE EN KLIMATOLOGIE | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module moet die studente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende, uitgebreide kennis en insig demonstreeer aangaande konsepte en die toepassingsmoontlikhede van Suid Afrika se geologiese geskiedenis en gevolglike landvorme, grondsoorte en hidrologieë. Die student moet ook 'n sistematiese kennis demonstreeer aangaande gevorderde klimatologiese verskynsels op 'n globale en Suider Afrikaanse skaal; • landvorme, landskappe en klimaatsverskynsels kan analiseer wat omgewingstoestande oor tyd en gedurende hul oorsprong reflekteer en dit te evalueer binne die geologiese tydskonteks; • die kondisies wat lei tot globale geologiese en klimatologiese verskynsels te bespreek en krities te evalueer; | | |

| | | |
|---|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • instaat wees om met ander individue, binne groepsverband op 'n eties-verantwoordbare wyse, saam te werk tydens probleemoplossing van leerinhoud van hierdie module. Studente moet ook instaat wees om kleinskaalse navorsing aangaande relevante onderwerp binne die module te kan uitvoer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: HISD321 | | NKR-Vlak |
| Titel: GESKIEDENISMETODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na voltooiing van hierdie module, behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n volronde en sistematiese begrip van Geskiedenis vakdidaktiek te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • vaardighede te demonstreer in die beplanning van onderrigstrategieë, assessering en onderrig- en leersteunmiddelle; • die bevoegdheid te demonstreer om onderrigstrategieë, assessering en onderrig- en leersteunmiddelle te beplan en te ontwerp; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: HISD411 | | NKR-Vlak |
| Titel: GESKIEDENISMETODIEK: VOO-FASE | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na voltooiing van hierdie module, behoort die student: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • 'n uitgebreide en en sistematiese kennis van die Geskiedenis vak- didaktiek te demonstreer binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • uitgebreide vaardighede te demonstreer in die analisering en sintetisering van bronne; beplan, ontwerp en implementeer verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); en • die bevoegdheid te demonstreer om bronne te analiseer en te sintetiseer en prakties te beplan, ontwerp en implementeer verskillende assesseringstrategieë; die opstel van toetse, eksamenvraestelle en memorandum sowel as jaarbeplanning (leerprogramme en werkskedules); en • waardes van eties-professionele aard te demonstreer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: HISE111 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN ANTIEKE EN MODERNE WÊRELDGESKIEDENIS (ANTIEK TOT 2000) | | |
| Module-uitkomst: | | |
| Na voltooiing van hierdie module, behoort die studente: | | |
| <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreer oor Antieke en Moderne Wêreldgeskiedenis vanaf antiek tot 2000 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Antieke en Moderne | | |

| | | |
|--|--|----------|
| <p>Wêreldgeskiedenis, (antiek tot 2000); en</p> <ul style="list-style-type: none"> • waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: HISE121 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN AFRIKA EN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (ANTIEK TOT 1870)</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis en 'n goeie begrip te demonstreeer oor Afrika en die Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf antiek tot 1870 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Afrika en Suid-Afrikaanse Geskiedenis vanaf antiek tot 1870; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: HISE211 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1836 – 1948)</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige kennisbasis en 'n goeie begrip te demonstreeer oor aspekte van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1836-1948 binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer; • die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die Suid-Afrikaanse konteks, 1836-1948; en • waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: HISE 221 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN AFRIKA EN 20STE EEU SE WÊRELDGESKIEDENIS (1870 – 1990)</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n stewige kennisbasis en 'n goeie begrip te demonstreeer oor aspekte van Afrika en 20ste eeuse Wêreldgeskiedenis (1870-1990) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring; • die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur verskillende historiese | | |

bronne te kan identifiseer, ontleed, interpreteer en sintetiseer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer;

- die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van Afrika en 20ste eeuse Wêreldgeskiedenis (1870-1990); en
- waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.

Metode van aflewering:

| | |
|-----------------------------|----------|
| Modulekode: HISE 311 | NKR-Vlak |
|-----------------------------|----------|

Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN EUROPESE EN WÊRELDGESKIEDENIS (1914 – 2000)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n volronde en sistematiese begrip te demonstreeer oor aspekte van die Europese en Wêreldgeskiedenis (1914-2000) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer;
- die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die konteks van die Europese en Wêreldgeskiedenis; en
- waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie.

Metode van aflewering:

| | |
|-----------------------------|----------|
| Modulekode: HISE 321 | NKR-Vlak |
|-----------------------------|----------|

Titel: ONDERWYSGESKIEDENIS: ASPEKTE VAN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS (1948 – 2000)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- 'n volronde en sistematiese begrip te demonstreeer oor aspekte van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis (1948-2000) binne die konteks van die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- die vaardigheid om primêre en sekondêre bronne te deurvors deur onderskeid te tref; dit op te spoor en effektief verskillende historiese bronne te kan interpreteer ten einde dit verbaal of in geskrewe vorm te kommunikeer;
- die bevoegdheid om die vermoëns van probleemoplossing te demonstreeer om politieke, sosiale en ekonomiese kwessies aan te spreek binne die Suid-Afrikaanse konteks (1948-2000); en
- waardes van eties-professionele aard te demonstreeer met betrekking tot die interpretasie van historiese feite wat altyd waar en binne konteks moet wees soos in ooreenstemming met Die Manifes oor Waardes, Onderwys en Demokrasie

Metode van aflewering:

| | |
|----------------------------|----------|
| Modulekode: INTD321 | NKR-Vlak |
|----------------------------|----------|

Titel: INLIGTINGSTEGNOLOGIEMETODIEK: VOO FASE

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module moet die student:

- afgeronde kennis demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, leerprogramme en werkskedules in toepaslike leerkontekste, sowel as 'n verskeidenheid assesseseringstegnieke, -metodes en – instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is;
- grondige vaardighede demonstreer in die evaluering van bestaande voorbeelde van leerprogramme en werkskedules, die beplanning en aanbieding van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning en implementering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie;
- die vermoë demonstreer om leerkontekste en leerprogramme te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak; en
- die vermoë demonstreer om die doel van Inligtingstegnologie as vak op skoolvlak te evalueer en te debatteer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **INTD411**

NKR-Vlak

Titel: INLIGTINGSTEGNOLOGIEMETODIEK : VOO FASE

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module moet die student:

- uitgebreide en sistematiese kennis demonstreer van departementele beleidsdokumente rakende Inligtingstegnologie in die VOO-fase, leerprogramme en werkskedules in toepaslike leerkontekste, 'n verskeidenheid assesseseringstegnieke, -metodes en – instrumente wat in Inligtingstegnologie toepaslik is, sowel as leermateriaal vir Inligtingstegnologie en die organisasie en administrasie van die rekenaarsentrum;
- grondige vaardighede demonstreer in die analise, interpretasie en toepassing van departementele dokumentasie rakende Inligtingstegnologie, die beplanning, aanbieding en evaluering van beide teoretiese en praktiese lesse en die beplanning, implementering en evaluering van die beginsels van assessering in Inligtingstegnologie;
- die vermoë demonstreer om leerkontekste en leerprogramme te implementeer en toe te pas ten einde betekenisvolle leer in Inligtingstegnologie moontlik te maak en toepaslike leeraktiwiteite te ontwikkel om studente se bereiking van spesifieke assesseringstandaarde te meet; en
- die vermoë demonstreer om die profiel van die ideale Inligtingstegnologie-fasiliteerder te evalueer en te debatteer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **INTE111**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSINLIGTINGSTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT REKENAARSTELSELS

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- fundamentele kennis oor rekenaarstelsels en die omgewing, stelselsagteware, verskeie getalstelsels en binêre logika te demonstreer;
- praktiese vaardighede in stelselsagteware ontwikkeling, bewerkings met verskeie getalstelsels en data voorstelling te demonstreer;
- die vermoë om basies goed-gedefinieerde maar onbekende probleme ten opsigte van onderwerpe in hierdie module op te los, en om die onderrig en leer van die onderwerpe te fasiliteer;
- begrip rakende etiese aspekte met die gebruik van rekenaars te demonstreer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **INTE121**

NKR-Vlak

Titel: ONDERWYSINLIGTINGTEGNOLOGIE : DATABASES

Module-uitkomst:

Wanneer hierdie module voltooi is, behoort die student in staat te wees om:

| | | |
|--|--|----------|
| <ul style="list-style-type: none"> • fundamentele kennis te demonstreer van die ontwerp van 'n databasis, wat insluit data-integriteit, -sekuriteit en –geldigheid; • gevorderde vaardighede te demonstreer in die normalisering van data, skep van tabelle, relasies, navrae, vorms, verslae en makro's; • die vermoë te demonstreer om basiese goed-gedefinieerde, tog onbekende, maar toegepaste skoolgerigte probleme op te los deur gebruik te maak van Microsoft Access, asook om onderrig en leer van databasisse te fasiliteer; en • die vermoë te demonstreer om die etiese aspekte aangaande die gebruik van databasisse te evalueer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: INTE211 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: REKENAARNETWERK EN WEBBLADONTWERP | | |
| Module-uitkomst: Na afhandeling van hierdie module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • grondige kennis van rekenaarnetwerke, data transmissie in netwerke, die Internet en sagteware geskik vir webbladontwerp te demonstreer; • verskillende netwerke, media wat in datakommunikasie gebruik word en netwerktopologieë met mekaar te kan vergelyk, en praktiese vaardighede en goeie webbladontwerp beginsels te demonstreer, • vaardighede in probleemoplossing van praktiese probleme oor rekenaarnetwerke en webbladontwerp te demonstreer, en die vaardigheid om die relevante onderwerpe in rekenaarnetwerke en webbladontwerp in die toepaslike graad binne die onderrig en leer situasie te fasiliteer; • die vaardigheid te demonstreer om lang- en korttermyn implikasies van die Internet en die gebruik daarvan binne die onderwys krities te evalueer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: INTE221 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: INLEIDING TOT DELPHI PROGRAMMERING | | |
| Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module, moet die student: <ul style="list-style-type: none"> • 'n grondige kennis van visuele programontwikkeling en objekgeoriënteerde programmering kan demonstreer; • praktiese vaardighede in algoritmes en elementêre Delphi programme kan demonstreer; • probleemoplossingsvaardighede in Delphi programmering te kan demonstreer en daartoe in staat kan wees om hierdie vermoëns en vaardighede binne 'n onderwys situasie te kan fasiliteer; • etiese aspekte rakende programmering te kan evalueer en demonstreer. | | |
| Metode van aflewering: | | |
| Modulekode: INTE311 | | NKR-Vlak |
| Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: INTERMEDIËRE DELPHI PROGRAMMERING | | |
| Module-uitkomst: Tydens die voltooiing van hierdie module, moet die student: <ul style="list-style-type: none"> • uitgebreide kennis van visuele programme en programontwikkeling asook die integrasie van objekgeoriënteerde programmering en databasisse in Delphi kan demonstreer; • uitgebreide praktiese vaardighede in die gebruik van prosedures, funksies, databasisse en SQL in Delphi programmering kan demonstreer; • gevorderde probleemoplossingsvaardighede met Delphi program-mering kan demonstreer | | |

| | | |
|---|--|----------|
| <p>en die vermoëns en vaardighede binne die onderrigssituasie kan fasiliteer; en</p> <ul style="list-style-type: none"> • etiese aspekte rakende programmering kan evalueer. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: INTE321 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: ONDERWYSINLICHTINGTEGNOLOGIE: GEVORDERDE DELPHI PROGRAMMERING</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Met die voltooiing van hierdie module moet die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • afgeronde kennis van visuele programontwikkel asook die integrasie van databasisse in die objekgeoriënteerde taal Delphi demonstreer, • sistematiese vaardighede in die gebruik van databasisse, data modules, meervoudige vorms, objekte, klasse en metodes in Delphi programmering demonstreer, • gevorderde probleemoplossingsvaardighede om onbekende, maar lewenswerklike probleme op te los, te demonstreer met die gebruik van Delphi programmering en om ook daartoe in staat te wees om hierdie vermoëns en vaardighede in die onderrigssituasie te fasiliteer, en • die vermoë om die etiese aspekte rakende programmering te demonstreer. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: ITEE211 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot die veilige gebruik en hantering van presisie instrumente en spesiale gereedskap en apparaat te demonstreer; • skriftelik en met behulp van sketse presisie meetinstrumentlesings te kommunikeer en die spesiale gereedskap en apparaat toepaslik vir meganiese tegnologie en die Pas- en Draai werkwinkel te kan identifiseer en evalueer; • 'n verskeidenheid ingenieurs materiale (asook saamgestelde materiale) met betrekking tot die tipe (yster en nie-yster, allooie, plastiek ens) en die vervaardigingsproses te kan identifiseer; • die eienskappe en toepassings van toetse (bv. Brinell, ens) wat op ingenieursmateriale gedoen word te kan bespreek en evalueer; • 'n deeglike kennis van hittebehandelingsprosesse op staal te demonstreer en die eienskappe en die resultate verkry te evalueer; en • bogenoemde uitkomstes vir skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer. | | |
| <p>Metode van aflewering:</p> | | |
| Modulekode: ITEE211 | | NKR-Vlak |
| <p>Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS</p> | | |
| <p>Module-uitkomst:</p> <p>Na afloop van hierdie module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n deeglike kennis en praktiese vaardighede met betrekking tot die veilige gebruik en hantering van presisie instrumente en spesiale gereedskap en apparaat te demonstreer; • skriftelik en met behulp van sketse presisie meetinstrumentlesings te kommunikeer en die spesiale gereedskap en apparaat toepaslik vir meganiese tegnologie en die Pas- en Draai werkwinkel te kan identifiseer en evalueer; • 'n verskeidenheid ingenieurs materiale (asook saamgestelde materiale) met betrekking tot die tipe (yster en nie-yster, allooie, plastiek ens) en die vervaardigingsproses te kan identifiseer; • die eienskappe en toepassings van toetse (bv. Brinell, ens) wat op ingenieursmateriale | | |

gedoen word te kan bespreek en evalueer;

- 'n deeglike kennis van hittebehandelingsprosesse op staal te demonstreer en die eienskappe en die resultate verkry te evalueer; en

bogenoemde uitkomst vir skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ITEE221**

NKR-Vlak

Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- deeglike kennis en basiese vaardighede (skriftelik en in praktyk) oor die gebruik, onderhoud en toepassing van veiligheidsregulasies met betrekking tot kraggereedskap en -masjinerie (boormasjiene, slypers en draaibanke) te demonstreer;
- 'n deeglike kennis te demonstreer van semi-permanente heftingsmetodes om verskillende voorwerpe te heg; en
- al dié uitkomst in hierdie module aan skoolleerders in 'n didaktiese situasie te fasiliteer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ITEE311**

NKR-Vlak

Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- simbole, eenhede, terminologie en prosedures te interpreteer om verskillende vervaardigingsmetodes soos boorwerk, snywerk, vylwerk, haaksbewerking en draaiwerk (op die draaibank) om 'n produk te maak;
- die belangrikheid om werk op die draaibank te balanseer en die voordele en nadele van gebalanseerde- en ongebalanseerde werk krities te vergelyk ten opsigte van slytasie en veiligheid en berekeninge wat nodig is vir korrekte metodes om 'n werkstuk te balanseer, te kan doen;
- te onderskei tussen tipes kragte wat op meganiese komponente toegepas word;
- basiese toetse te kan uitvoer om verskeie meganiese beginsels soos krag, druk en draaimomente deur gebruik te maak van mate en meters en toepaslike apparaat te demonstreer; en
- bogenoemde uitkomst aan skoolleerders in 'n didaktiese situasie te kan fasiliteer.

Metode van aflewering:

Modulekode: **ITEE322**

NKR-Vlak

Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS

Module-uitkomst:

Na afloop van hierdie module behoort die student:

- afgeronde en sistematiese kennis en praktiese vaardighede in die veilige gebruik van meganiese masjiene / tegnologie en die eienskappe en gebruike van verskeie nie-ysterhoudende metale, nie-ysterhoudende legerings, samestellings / verbindings van sintetiese materiale en 'n kritiese evaluering te kan maak oor die voordele en nadele verbonde aan hierdie materiale vir die meganiese ingenieursveld sowel as vir alledaagse gebruik in die samelewing;
 - 'n afgeronde kennis te demonstreer aangaande die veilige toepassings van meganiese aandrywings soos bande en katrolle, ratte (berekening van draai snelhede), nokke, hefbome, skroefdrade, skakelings en wenasse; en
- oor die vermoë te beskik om in veranderende- en onbekende leerkontekste te kan funksioneer wat verantwoordelikheid en inisiatief vereis om al die bogemelde uitkomst aan skoolleerders te kan kommunikeer en fasiliteer.

Metode van aflewering:

| | | |
|--|--|----------|
| Modulekode: ITEE412 | | NKR-Vlak |
| Titel: INGENIEURS TEGNOLOGIE VIR ONDERWYS | | |
| Module-uitkomst: Na afloop van hierdie module behoort die student: | | |
